

OBADJA

Inleiding

Die naam Obadja beteken 'dienskneg van die HERE.' Daar is onsekerheid daaroor of dit werklik die naam van 'n profeet was, en of dit bloot 'n titel was.

Obadja is in die Joodse en Christelike kanon die vierde boek in die *Boekrol van die Twaalf Profete (Hosea tot Maleagi)*, en is beskou as 'n binnelandse profeet (vgl Inleiding *Joël*). Die plasing van *Obadja* direk ná *Amos* hang waarskynlik daarmee saam dat Edom die laaste volk is wat in Amos 9:12 vermeld word, terwyl Edom in *Obadja* veroordeel word. In die Septuagint is *Obadja* die vyfde boek in die versameling en volg dit ná *Joël*.

Die skrywer van hierdie kortste boek in die Ou Testament is onbekend. Daar word ook geen besonderhede oor sy afkoms of tyd van optrede gegee, soos in ander profeteboeke nie. Die profesieë dateer uit 'n tyd kort ná die val van Jerusalem in 586 vC. Die laaste verse (1:19-21) is egter duidelik in 'n ander tyd geskryf, nader aan die einde van die Babiloniese ballingskap (539 vC). Die eerste lesers van die boek was vermoedelik inwoners van Juda wat nie in ballingskap weggevoer is nie.

Die boek bestaan uit profetespreuke in poësie, maar die inleidingswoorde (1:1) en laaste verse (1:9-12) is in die vorm van prosa.

Obadja begin deur te verwys na profesieë in Jer 49:9-16. Dit dien as basis vir die veroordeling van Edom verderaan in *Obadja*. Die belangrikste tema in die boek is die straf en vergelding van Edom op die

dag van die HERE. In dié opsig word Edom 'n simbool van die vyande van God se volk, en is die oordeel oor Edom in 'n sekere sin 'n voorspel tot die finale oordeel van God in die eindtyd.

Obadja kan soos volg ingedeel word:

1:1a Opskrif

1:1b-15 Oordeel oor Edom

1:16-18 Boodskap van die HERE aan sy volk

1:19-21 Terugkeer uit ballingskap

1

Opskrif

¹ Die openbaring aan Obadja.

Oordeel oor Edom

Dit is wat die HERE, my Heer oor Edom* gesê het.

Ja, ons het 'n boodskap gehoor*

wat van die HERE af kom.

'n Boodskapper is onder die nasies ingestuur:

“Staan op!

Laat ons gereedmaak vir oorlog

teen Edom!”^a

² “*Kyk, gering maak Ek jou

* **1 Edom:** Ps 137:7; Jes 21:11-12; 34:5-17; 63:1-6; Eseg 25:12-14; Joël 3:19; Am 1:11-12; Mal 1:2-5

* **1 ons het ... gehoor:** Jer 49:9-16

^a **1 teen Edom:** Die •bronteks lui “teen haar”. In Jer 49:13-14 verwys dit na Bosra, die hoofstad van Edom.

* **2 Num 24:18**

onder die nasies;
jy sal heeltemal verag word.
³ *Die verwaandheid van jou hart
bedrieg jou,
jy wat tuis is in die rotsskeure
van jou hoë woonplek,
wat in jou hart sê,
Wie sal my afbring aarde toe?
⁴ *Al sou jy jou nes so hoog maak
soos dié van 'n arend,
selfs al sou jy tussen die sterre
nes maak,
van daar af sal Ek jou afbring,”
is die uitspraak van die HERE.

⁵ “*Was dit maar diewe
wat na jou toe gekom het,
was dit maar diewe in die nag!
Hulle steel darem net
tot hulle genoeg het.
Hoe word jy vernietig!
Was dit maar druiweplukkers
wat na jou toe gekom het!
Hulle laat darem natrossies agter.

⁶ *Hoe word Esau deursoek,

*³ 2 Kon 14:7; 2 Kron 25:11,12; Jes 14:13-15; 16:6; Op 18:7

*⁴ Hab 2:9; Mal 1:4

*⁵ Lev 19:10; 25:5,11; Deut 24:21; Jer 49:9

*⁶ Jer 49:10; Mal 1:2-3

sy wegsteekplekke kaal gestroop!
⁷ *Almal met wie jy
'n verbond gesluit het,
stuur jou terug tot by die landsgrens.
Hulle het jou bedrieg, jou uitoorlê,
daardie mense met wie jy
'n vredesooreenkoms het.
Hulle wat saam met jou geëet het,
laat 'n vreemde jou plek inneem.^b
Daar is nie meer raad in Edom oor nie!”

⁸ *“Sal Ek nie op daardie dag,”
is die uitspraak van die HERE,
“wyse manne uit Edom laat verdwyn
en raadgewers uit die bergland
van Esau nie?”

⁹ *Teman, jou krygshelde
sal verskrik wees;
sodat mense uitgeroei sal word
op die bergland van Esau.

“Vanweë moord, ¹⁰ *vanweë geweld
teen jou broer Jakob,

*⁷ Ps 41:9; Jer 30:14; 49:7

^b⁷ **Hulle wat ... inneem:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks,
word verskillend vertaal.

*⁸ Job 5:12; Jes 29:14; Jer 49:7

*⁹ Gen 36:11; 1 Kron 1:45; Job 2:11; Jes 34:5-8; 63:1-3; Jer 49:22; Eseg 25:13;
Am 1:12; Hab 3:3

*¹⁰ Gen 27:41; Ps 137:7; Eseg 25:12-14; 35:5; Joël 3:19; Am 1:11

sal skaamte jou oorval
en jy sal uitgeroei word vir altyd.

¹¹ ** Die dag toe jy eenkant
gaan staan het,
die dag toe vreemdes die besittings
van Jakob weggevoer het,
toe buitelanders sy poorte binnegedring
en geloot het oor Jerusalem,
was ook jy soos een van hulle!

¹² * Jy moes nie gestaan en toekyk het
op die dag van jou broer,
op die dag toe 'n ramp
hom getref het nie.

Jy moes nie bly gewees het
oor die Judeërs
op die dag van hulle ondergang nie.
Jy moes nie 'n groot mond gehad het
op die dag van angs nie.

¹³ * Jy moes nie in die poort
van my volk gekom het
op die dag van hulle teenspoed nie.

Jy moes nie ook sy onheil
staan en dophou het
op die dag van sy teenspoed nie.

Jy moes nie jou hande

* **11-14** Ps 137:7; Klaagl 1:7; Eseg 25:13-14; 35:15; Miga 7:8

* **11** Ps 83:5-6; Joël 3:3; Am 1:6,9

* **12** Klaagl 4:21-22; Eseg 35:15; 36:5

* **13** Eseg 35:5,10; 36:2-3

uitgesteek het na sy besittings
op die dag van sy teenspoed nie.

¹⁴ * Jy moes nie op die ontsnaproetes
gaan staan het om sy vlugtelinge
uit te roei nie.

Jy moes nie sy mense wat wou ontvlug
uitgelewer het
op die dag van angs nie.

¹⁵ Voorwaar, die dag van die HERE*
oor al die nasies is naby!

Soos wat jy gedoen het,
sal aan jou gedoen word.*

Jou daad sal terugkeer op jou kop.*”

Boodskap van die HERE aan sy volk

¹⁶ “* Ja, soos wat julle
die beker moes drink
op my heilige berg,
sal al die nasies voortdurend
moet drink.

Hulle sal drink en onsamehangend
praat
en hulle sal wees asof hulle
nooit bestaan het nie.

*¹⁴ Jes 16:2-4; 63:1-6; Eseg 36:4

*¹⁵ die dag ... HERE: Eseg 30:3; Joël 1:15; 2:1,11,31; 3:14; Am 5:18,20

*¹⁵ Soos ... gedoen word: Jer 50:29; 51:56; Hab 2:8

*¹⁵ Jou daad ... kop: Jer 50:15; Eseg 35:11; Joël 3:4,7

*¹⁶ Jes 51:17,22; Jer 25:15-16; 49:12; Klaagl 4:21

¹⁷ *Maar op die berg Sion
sal daar ontvlugting wees,
en Sion sal heilig wees.

“Die huis van Jakob sal dié
wat hulle verdryf het, uitdryf.

¹⁸ *Die huis van Jakob sal vuur wees
en die huis van Josef 'n vlam,
maar die huis van Esau sal strooi wees.
Die vuur sal die strooi brand
en dit verteer.

Daar sal van die huis van Esau
nie een ontvlug nie.”

Want die HERE het dit gesê.

Terugkeer uit ballingskap

¹⁹ *Hulle sal die Negev^c saam met die bergland van Esau in besit neem,
die Sjefela^d saam met Filistia.^e Hulle sal die gebied van Efraim en die
gebied van Samaria in besit neem en Benjamin saam met Gilead.

*¹⁷ Jes 4:2,3; 14:1,2; Joël 2:32; 3:17; Am 9:11-12

*¹⁸ Jes 5:24; 9:18-19; 10:17; Am 1:12; Sag 12:6

*¹⁹ Jes 11:14; Jer 31:5; 32:44; Am 9:11-12

^c**19 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

^d**19 Sjefela:** Dit is die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

^e**19 Filistia:** Die laagland in die weste van Juda.

²⁰ *Die ballinge van hierdie leër,^f die Israeliete,* sal Kanaänitiese gebied in besit neem tot by Sarfat, en die ballinge van Jerusalem wat in Sefarad is, sal die stede van die Negev in besit neem. ²¹ *Verlossers sal dan na die berg Sion opgaan om oor die bergland van Esau te regeer; en die koningskap sal aan die HERE behoort.

***1:20** 1 Kon 17:9-10; Jer 32:44; 33:13; Luk 4:26

^f**1:20 hierdie leër:** Vroeë Griekse mss en die •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “hierdie verdedigingswal”.

***20 Die ballinge ... Israeliete:** 2 Kon 17:1-6

***21** Neh 9:27; Ps 22:29; 47:7-9; Jes 4:5; 24:23; Dan 2:44; 7:14; Sag 14:9; Op 11:15; 19:6